# JUNIOR SECONDARY CERTIFICATE

**AFRIKAANS FIRST LANGUAGE** **1100/1**

PAPER 1 Reading and Directed Writing 2 hours

Marks 60 **2019**

Additional Materials: Answer Book

**INSTRUCTIONS AND INFORMATION TO CANDIDATES**

- Write your answers in the Answer Book provided.
- Write your Candidate Number and Name in the spaces provided on the Answer Book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.

- Answer **all** questions.

- You should pay attention to spelling, punctuation and handwriting.
- The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

This document consists of **6** printed pages.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

- Beantwoord al die vrae.
- Begin elke afdeling op ’n skoon bladsy.
- Laat reëls tussen jou antwoorde oop.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Bestudeer die leesstukke aandagtig voor jy begin.

## AFDELING A

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en voer dan die opdragte uit.

**Leesstuk A**

### Nuwejaarsvoornemens? Watwou Nuwejaarsvoornemens!

1 Dalk is die beste benadering tot nuwejaarsvoornemens om dit nie te ernstig op te neem nie, maar tog voel die meeste van ons so half skuldig as ons die woord hoor. Ons het groot planne vir die jaar gehad, ja, maar hier teen die einde van die jaar besef ons daar het nie veel van gekom nie.

2 Maar waar lê die fout? Om nuwejaarsvoornemens te hê, is tog nie verkeerd of nadelig nie …! Dalk is Oktobermaand ’n goeie tyd om terug te gaan na al die mooi voornemens en hul krities te gaan bekyk: die jaar is ver genoeg om te besef ons het die bus verpas, maar dalk (net dalk) is daar nog genoeg tyd oor om aan sommiges iets te doen en hierdie jaar ’n bietjie beter as vorige jare te maak.

3 Ek dink almal verstaan die dilemma: ons wil dinge verander, beter doen, onsself verander, die wêreld omkeer – maar as jy jou weer kom kry, is jy terug in die ou groef. Die vraag is eenvoudig: Hoekom val al ons mooi nuwejaars- (en ander) voornemens klokslag plat? Of kom ons vra eers ’n ander vraag: hoekom stel ons vir onsself nuwejaarsvoornemens?

4 Daar is baie verskillende redes, maar almal stem in een opsig ooreen: Elke dan en wan voel enige mens jy’t ’n nuwe begin nodig. Dalk het die vorige skooljaar nie so goed geëindig nie. Dalk het jy foute begaan wat soos ’n honger rot aan jou knaag. Dalk voel dit net of jy die pad heeltemal verloor het.

5 So, hoekom werk dit dan nie? Geleerdes voer heelwat moontlike redes aan …

6 Dalk was dit ’n breindood-voorneme: jy’t waarskynlik goeie voornemens gehad, maar dit nie mooi deurdink nie.

7 Dalk was dit ’n dagdroom-voorneme: heeltemal onrealisties.

8 Dalk was dit ’n Hollywood-voorneme: eintlik wou jy net grootpraat en ander beïndruk, maar dit gaan beslis nie lank hou nie. Om iets te doen om ander mense te beïndruk, is doodgewoon dom! Gooi jou energie in voornemens wat waarde het! Vir jou of vir iemand of iets wat die inspanning werd is.

9 Maar hoe dan gemaak? Verdeel jou ideale in ’n klomp kleiner definieerbare doelwitte. As jy byvoorbeeld beter in jou akademie wil doen, sal jy eerstens elke dag moet begin werk (en nie uitstel tot voor ’n eksamen nie) en tweedens sal jy moet besluit wie en wat nodig is, byvoorbeed ’n onderwyser en deursettingsvermoë. Eers as jy elke dag jou deel doen, sal jy beter in klastoetse en bemeesteringstoetse begin doen en eers dán sal jy beter in die

eksamen vaar – en dit sal jou die voorgenome onderskeidings besorg.

10 As jou nuwejaarsvoornemens flenters om jou lê, raak stil en bedink die wesentlikheid daarvan. Dan beplan jy behoorlik: Wat wil jy doen? Hoekom wil jy dit doen? Hoe kan jy dit regkry? En breek dan die taak op in hanteerbare stukke.

11 En dan begin doen jy wat jy jouself voorgeneem het!

*(Verwerk uit: LIG, Maart 2004)*

Kies uit die volgende vrae elke keer die korrekte antwoord. Skryf slegs die nommer en simbool neer, bv. **1 D**.

**1** Die gevoel wat die uitroep "Wat wou Nuwejaarsvoornemens!" in die opskrif weergee, is

**A** afkeer.

**B** ongeloof.

**C** traak-my-nie-agtigheid.

**D** goedkeuring. [1]

**2** "…die jaar is ver genoeg om te besef ons het die bus verpas." (**paragraaf 2**) is 'n voorbeeld van

**A** 'n metafoor.

**B** personifikasie.

**C** simboliek.

**D** vergelyking. [1]

**3** Nuwejaarsvoornemens het te doen met

**A** positiewe veranderinge.

**B** negatiewe veranderinge.

**C** positiewe en negatiewe veranderinge.

**D** geen veranderinge. [1]

**4** 'n Hollywood-voorneme is hoofsaaklik 'n voorneme wat

**A** ander wil beïndruk.

**B** gerig is op geldmaak.

**C** gerig is op roem.

**D** baie harde werk van jou verg. [1]

**5** "Die uitdrukking "… klokslag …" (**paragraaf 3**) verwys na

**A** die Nuwejaar wat aangekondig word.

**B** die oomblik as dit twaalfuur word op Oujaarsaand.

**C** gereelde gebeurtenisse.

**D** nie op tyd wees nie. [1]

**6** Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Motiveer jou antwoord met 'n gepaste aanhaling.

Die skrywer van hierdie artikel is gekant teen Nuwejaarsvoornemens. [2]

**7** In **paragraaf 3** word verwys na "…. terug in die ou groef." Waarna spesifiek verwys hierdie "groef"? [2]

**8** Waarom is Oktobermaand 'n goeie tyd om weer krities na jou nuwejaarsvoornemens te kyk? [2]

**9** Watter hoofredes voer die skrywer aan dat mense jaar-na-jaar steeds Nuwejaarsvoornemens maak? [2]

**10** Sê in jou **eie woorde** wat dit beteken om iets "krities" te bekyk. (**Paragraaf 2**) [1]

**11** Noem **drie** redes wat aangevoer word as oorsake vir nuwejaarsvoornemens wat telkens misluk. [3]

**12** Wat sal, volgens die skrywer, die sukses van 'n nuwejaarsvoorneme verseker? [3]

**[20]**

## AFDELING B

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en voer dan die opdragte uit.

**Leesstuk B**

### Ons jeug gee om

1 Jenna Louw was ernstig siek, maar het nietemin duisende lewens gered met haar “*Get Me To 21*”-veldtog – om meer orgaanskenkers te werf.

2 Toe sy op 17-jarige ouderdom met pulmonêre hipertensie, ’n seldsame longsiekte, gediagnoseer is, was sy geskok toe sy besef hoe min Suider Afrikaners as orgaanskenkers geregistreer is. Haar enigste kans om te kon oorleef, was om ’n dubbele longoorplanting te kry. Sy het van kleins af (as iemand haar vra wat sy eendag wil doen) gesê sy wil ’n verskil maak. Op 8-jarige ouderdom het sy reeds die boek *The Magic Bissie* Tree geskryf en ’n groot persentasie van haar opbrengs het sy aan rolstoele vir kinders geskenk.

3 Die sogenaamde Generasie Z is rofweg gebore vanaf die middel 90’s tot nou. Hul kry dalk nog sakgeld en dra ortodontiese draadjies, maar hulle wil die wêreld ’n beter plek maak. En dan spring hulle self in en doen iets. Hierteenoor kry jy die Millennials – die ek-ek-ek-generasie wat hulle s’n voorafgaan. Generasie Z het ’n sterk bewussyn van sosiale en maatskaplike probleme en uitdagings, aldus Craig Kielburger – Kanadese medestigter van *Free the Children*, ’n liefdadigheidsorganisasie.

4 Generasie Z is baie meer bewus van hul omgewing en hoe hul keuses ’n impak op die wêreld het. Voorheen het jongmense soos passiewe toeskouers gevoel en net gewag om grootmense te word. Dit het alles verander en (onder andere danksy die tegnologie) kan Generasie Z-mense met meer selfvertroue ’n verskil maak. Waar jongmense voorheen gebind sou word deur taal-, kultuur- en landsgrense, is tegnologie nou hul eerste taal en dis vir hul heel natuurlik om in kontak met die res van die wêreld te wees en onregverdighede aan te spreek. Hulle is vernuwende denkers en spring self in om ’n verskil te maak – hul wag nie vir liefdadigheidsorganisasies om ’n verskil te maak nie.

5 Malala Yousafzai, die Pakistanse aktivis wat in 2014 op 17-jarige ouderdom die wêreld se jongste wenner van die Nobelprys vir Vrede geword het, is ’n sprekende voorbeeld van ’n Generasie Z-kind. Verstommend genoeg het sy reeds op 11-jarige ouderdom begin om vir meisies in haar geboorteland se reg om skool te gaan, te veg.

6 In 2015 was Jordan van der Walt ’n finalis in die Africa News Network (ANN7) Suid-Afrikaner van die Jaar toekenning. As spesiale spreker by die Universiteit van die Vrystaat se somer-gradeplegtigheid, sê hy: “Ek is seker julle het al almal die woord ‘ubuntu’ gehoor. Vir my is om my medemens te dien en om my deel te doen om die land ’n beter plek vir almal te maak, is deel van ubuntu.”

7 Jou vermoë om ’n verskil te maak, word nie bepaal deur jou ouderdom of hoeveel geld jy het nie, maar eerder deur jou wíl om te help. Dit is elke mens se verantwoordelikheid om ten minste by een liefdadigheidsprojek betrokke te wees. Só dra almal dan by om die wêreld ’n beter plek te maak!

*(Verwerk uit: SARIE, Desember 20)*

**1** Watter teenstrydigheid kom in **paragraaf 1** voor? Jou antwoord moet in **een volsin** van hoogstens **20 woorde** wees. [3]

**2** Sê in **een volsin** wat die "*Get Me To 21*" veldtog behels. [2]

**3** Watter noemenswaardige verskil het Jenna Louw reeds op 8-jarige ouderdom gemaak? Jou antwoord moet in **een volsin** wees. [3]

**4** Noem **twee** karaktereienskappe van Generasie Z-mense soos dit uit die leesstuk blyk. [2]

**5** In die leesstuk word daar hoofsaaklik twee groepe jongmense teenoor mekaar afgespeel. **Benoem hierdie twee groepe en bespreek die belangrikste ooreenkomste en verskille tussen die twee groepe.** [6]

**6** Waarom het Malala Yousafzai die Nobelprys vir Vrede ontvang? [2]

**7** Sê in **een volsin** hoe elke mens 'n bydrae kan lewer om die wêreld 'n beter plek te maak. [2]

**[20]**

**8** As Graad 10-leerling is jy betrokke by 'n liefdadigheidsprojek van jou keuse. Tydens 'n saalbyeenkoms moet jy die res van die skoolgemeenskap meer van die projek vertel. Jy maak ook gebruik van die geleentheid om ander leerlinge aan te spoor om self betrokke te raak en 'n verskil te maak.

Skryf nou die **praatjie**. Die inhoud moet **150** – **200** woorde wees. **[20]**